REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Staatskoerant
Government Gazette

Verkoopprys • Selling price
(AVB uitgesluit/GST excluded)
Plaaslik **45c** Local
Buitelands **60c** Other countries
Posvry • Post free

Regulasiekoerant
Regulation Gazette
No. 3939

As 'n Nuusblad by die Poskantoor geregistreer
Registered at the Post Office as a Newspaper

Vol. 250 PRETORIA, 4 APRIL 1986 No. 10173

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD

DEPARTEMENT VAN GESONDHEIDSDIENSTE EN WELSYN

No. R. 622 **4 April 1986**

REGULASIES KRAGTENS DIE WET OP MAATSKAPLIKE PENSIOENE, 1973

WYSIGING

Die Minister van Gesondheidsdienste en Welsyn het kragtens die bevoegdheid hom verleen kragtens artikel 17 van die Wet op Maatskaplike Pensioene, 1973 (Wet 37 van 1973), die regulasies in die Bylae hiervan uiteengesit, gemaak.

BYLAE

1. In hierdie Bylae beteken "Regulasies" die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 140 van 1 Februarie 1974, soos gewysig.

2. Regulasie 14 van die Regulasies word hierby deur die volgende regulasie vervang:

"14. (1) Behoudens die bepalings van die Wet en van hierdie regulasies—

(a) beloop die maatskaplike pensioen wat aan 'n aansoeker toegeken word die bedrag van hoogstens R1 992 per jaar wat die Direkteur-generaal met inagneming van die omstandighede, jaarlikse inkomste en ander middele van die aansoeker en van sy eggenote vasstel;

(b) word 'n maatskaplike pensioen nie aan 'n aansoeker toegeken teen so 'n skaal dat sy jaarlikse inkomste en ander middele tesame met die pensioen die bedrag van R3 000 te bowe gaan nie;

GOVERNMENT NOTICES

ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

DEPARTMENT OF HEALTH SERVICES AND WELFARE

No. R. 622 **4 April 1986**

REGULATIONS UNDER THE SOCIAL PENSIONS ACT, 1973

AMENDMENT

The Minister of Health Services and Welfare, by virtue of the powers vested in him under section 17 of the Social Pensions Act, 1973 (Act 37 of 1973), has made the regulations set out in die Schedule hereto.

SCHEDULE

1. In this Schedule "Regulations" shall mean the regulations published under Government Notice R. 140 of 1 February 1974, as amended.

2. The following regulation is hereby substituted for regulation 14 of the regulations:

"14. (1) Subject to the provisions of the Act and of these regulations—

(a) the social pension granted to any applicant shall be of such amount, not exceeding R1 992 per annum, as the Director-General may determine, having regard to the circumstances, annual income and other means of the applicant and of his spouse;

(b) no social pension shall be granted to any applicant at such rate as will make his annual income and other means together with the pension exceed the amount of R3 000 per annum;

(c) word, ondanks die bepalings van paragraaf (b), die bedrag van die maatskaplike pensioen wat toegeken word aan 'n aansoeker wie se jaarlikse inkomste en ander middele nie R1 920 oorskry nie, met R24 per jaar verminder vir iedere R24 of gedeelte daarvan waarmee sy inkomste en ander middele die bedrag van R1 008 te bowe gaan en word geen maatskaplike pensioen aan hom betaal nie indien sy jaarlikse inkomste en ander middele R1 920 te bowe gaan of sy bates R42 000 oorskry;

(d) word die gesamentlike bates van 'n getroude aansoeker en sy eggenote vir die doel van die bepaling van die aansoeker se ander middele in aanmerking geneem;

(e) word die gesamentlike inkomste van 'n getroude aansoeker en sy eggenote geag die inkomste van die aansoeker te wees;

(f) kan die Direkteur-generaal, indien hy oortuig is dat 'n getroude aansoeker vervreem is van sy gade en nie deur sy gade onderhou word nie, gelas dat die aansoeker as ongetroud beskou word en word by die bepaling van die jaarlikse inkomste en ander middele van sodanige aansoeker, die jaarlikse inkomste en ander middele van sy gade buite rekening gelaat.

(2) (a) Indien die jaarlikse persoonlike inkomste van 'n manlike aansoeker om 'n maatskaplike pensioen nie 50 persent van die jaarlikse vergoeding wat sy eggenote ontvang vir dienste gelewer te bowe gaan nie, word die volgende in aanmerking geneem by die oorweging van sy aansoek:

Die jaarlikse persoonlike inkomste van die aansoeker;

die ander middele van hom en sy eggenote;

die helfte van die jaarlikse inkomste van sy eggenote verkry uit ander bronne as vergoeding deur sy eggenote ontvang vir dienste gelewer; en

'n kwart van enige vergoeding deur sy eggenote ontvang vir dienste gelewer.

(b) Ondanks die bepalings van subregulasie (2) (a) word slegs die helfte van die jaarlikse inkomste ontvang deur 'n blinde persoon vir dienste deur hom persoonlike gelewer by die oorweging van sy aansoek om 'n maatskaplike pensioen in aanmerking geneem.

(c) Uitgesonderd in 'n geval waar die bepalings van subregulasie (2) (a) toegepas word, word slegs die helfte van die gesamentlike jaarlikse inkomste van 'n getroude aansoeker en sy eggenote by die oorweging van sy aansoek om 'n maatskaplike pensioen kragtens artikel 4 (3) van die Wet in aanmerking geneem.

(d) (i) By die bepaling van 'n aansoeker se ander middele word enige bates wat hy of sy eggenote aan iemand ander geskenk het, of enige bates waarvan hy of sy eggenote vruggebruik gehou het waarvan afstand gedoen is, in aanmerking geneem.

(ii) Ondanks die bepalings van subregulasie (i) word die onbeswaarde waarde van sodanige bates, maar hoogstens die laaste bedrag genoem in subregulasie 14 (1) (c), nie in aanmerking geneem nie indien 'n tydperk van vyf jaar verstryk het na die datum van skenking of van afstanddoening waar dié datum 'n datum is vanaf die inwerkingtreding van hierdie Bylae.

(3) Ondanks die bepalings van hierdie regulasies word die inkomste en ander middele van 'n aansoeker buite rekening gelaat by die vasstelling van die bedrag van die pensioen waarop hy geregtig is, indien hy—

(a) 'n oudstryder is soos omskryf in artikel 1 (xiii) (a) van die Wet; of

(b) 'n persoon is wat die ouderdom van 100 jaar bereik het.

(c) the amount of the social pension granted to an applicant whose annual income and other means do not exceed the amount of R1 920 per annum shall, notwithstanding the provisions of paragraph (b), be reduced by R24 per annum for every R24 or part thereof by which his annual income and other means exceed the amount of R1 008 and no social pension shall be paid to him if his annual income and other means exceed the amount of R1 920 or his assets exceed R42 000;

(d) the combined assets of a married applicant and his spouse shall be taken into account for the purpose of determining such applicant's other means;

(e) the combined income of a married applicant and his spouse shall be deemed to be the income of such applicant;

(f) the Director-General may, if he is convinced that a married applicant is separated from his spouse and is not maintained by his spouse, direct that such applicant be regarded as a single person and that the income and other means of his spouse not be taken into account for the purpose of determining such applicant's annual income and assets.

(2) (a) If the annual personal income of a male applicant for a social pension does not exceed 50 per cent of the annual remuneration received by his spouse for services rendered, the following shall be taken into account when his application is considered:

The annual personal income of such applicant;

the other means of such applicant and his spouse;

half the annual income of his spouse derived from sources other than remuneration received by his spouse for services rendered; and

a quarter of any remuneration received by his spouse for services rendered.

(b) Notwithstanding the provisions of subregulation (2) (a), only half of the annual income received by a blind person for services rendered by him personally shall be taken into account when his application for a social pension is considered.

(c) Except in a case where the provisions of subregulation (2) (a) are being applied, only half of the combined annual income of a married applicant and his spouse shall be taken into account in considering his application for a social pension under section 4 (3) of the Act.

(d) (i) In determining an applicant's other means, account shall be taken of any assets donated by him or his spouse to any other person and of any assets of which he or his spouse held usufruct which has been relinquished.

(ii) Notwithstanding the provisions of subregulation (i) the unencumbered value of such assets, but not more than the last mentioned amount in regulation 14 (1) (c), shall not be taken into account after the expiry of a period of five years from the date of donation or the date of relinquishment, where such date is a date from the date of coming into operation of this Schedule.

(3) Notwithstanding the provisions of these regulations, the income and other means of an applicant shall not be taken into account in determining the amount of the pension to which he is entitled, if he—

(a) is a war veteran as defined in section 1 (xxi) (a) of the Act; and

(b) is a person who has attained the age of 100 years.

(4) By die toepassing van subregulasies (1) en (2) beteken—

"bates"—

(a) enige onroerende eiendom, kontantbeleggings, belang in die aandele, aandelekapitaal of bates van 'n maatskappy of ander instelling, kapitaal in 'n sakeonderneming belê en kontant voorhande of in 'n lopende rekening by 'n bank of ander finansiële instelling;

(b) enige vruggebruik van onroerende eiendom, kontantbeleggings, aandele, aandelekapitaal of bates van 'n maatskappy of ander instelling, of van kapitaal in 'n sakeonderneming of by 'n bank of ander finansiële instelling belê;

(c) die waarde van enige onroerende eiendom deur 'n aansoeker of sy gade vir landboudoeleindes gehuur;

"inkomste"—

(a) enige vergoeding, hetsy in kontant of andersins, ontvang vir dienste gelewer, maar nie ook die vergoeding deur 'n manlike persoon na bereiking van die ouderdom van 70 jaar of 'n vroulike persoon na die bereiking van die ouderdom van 65 jaar ontvang nie;

(b) enige winste verkry uit 'n sakeonderneming waarvan 'n aansoeker of sy gade die eienaar is;

(c) (i) enige inkomste verkry uit 'n trust; en

(ii) enige inkomste verkry uit vruggebruik waar sodanige vruggebruik 'n persoon toeval vanaf die datum van inwerkingtreding van hierdie Bylae;

(d) enige inkomste verkry as direkteur van 'n maatskappy of as lid van 'n raad of vergadering;

(e) enige pensioen of jaargeld betaalbaar kragtens die bepalings of reëls van 'n superannuasie-, pensioen-, ondersteuning- of voorsorgfonds of -skema by of kragtens die een of ander wet of andersins ingestel, soos betaalbaar ten tyde van die aansoek of heraansoek om 'n maatskaplike pensioen, maar nie ook—

(i) enige verhoging in sodanige pensioen of jaargeld toegestaan na die datum van toekenning of hertoekenning, na gelang van die geval, van sodanige maatskaplike pensioen nie;

(ii) enige voordele ontvang ingevolge die Wet, die Kinderwet, 1960 (Wet 33 van 1960), of die Werkloosheidversekeringswet, 1966 (Wet 33 van 1966), of ingevolge 'n regulasie kragtens enige van genoemde wette uitgevaardig nie;

(iii) enige mediese of oppasserstoelae ontvang ingevolge die Ongevallewet, 1941 (Wet 30 van 1941), die Spoorweg- en Hawepensioenwet, 1971 (Wet 35 van 1971), die Wet op Bedryfsiektes in Myne en Bedrywe, 1973 (Wet 78 van 1973), of enige wet wat deur die Minister geadministreer word nie;

(f) enige winste wat 'n eienaar of vruggebruiker uit die beoefening van die landbou verkry, wat hierby geag word die bedrag van R144 per jaar te beloop;

(g) een kwart van die bruto huurgeld ontvang van drie of meer persone ten opsigte van 'n eiendom deur die aansoeker of sy gade gehuur;

(h) een kwart van die bruto losiesgeld ontvang van drie of meer loseerders;

(4) For the purposes of subregulations (1) and (2)—

"assets" shall mean—

(a) any immovable property, cash investments, interest in the shares, share capital or assets of a company or other institution, capital invested in any business concern, and cash in hand or in a current account at any bank or other financial institution;

(b) any usufruct of immovable property, cash investments, shares, share capital or assets of a company or other institution, or of capital invested in any business concern with any bank or other financial institution;

(c) the value of any immovable property rented by an applicant or his spouse for agricultural purposes;

"income" shall mean—

(a) any remuneration either in cash or otherwise, received for services rendered, but shall not include such remuneration received by a male person after he has attained the age of 70 years or a female person after she has attained the age of 65 years;

(b) any profits derived from a business concern of which an applicant or his spouse is the owner;

(c) (i) any income received from a trust; and

(ii) any income received from a usufruct where the usufructuary became entitled thereto from the date of coming into operation of this Schedule;

(d) any income received as a director of a company or as a member of a board or meeting;

(e) any pension or annuity payable under the provisions or rules of any superannuation, pension or provident fund or scheme established by or under any law or otherwise instituted, as payable at the time of the application or reapplication for a social pension, but shall not include—

(i) any increase in such pension or annuity granted after the date on which a social pension was granted or restored, as the case may be;

(ii) any benefits received in terms of the Act, the Children's Act, 1960 (Act 33 of 1960), the Unemployment Insurance Act, 1966 (Act 30 of 1966), or under any regulation made in terms of any of the said Acts;

(iii) any medical or attendant's allowance received in terms of the Workmen's Compensation Act, 1941 (Act 30 of 1941), the Railways and Harbours Pensions Act, 1971 (Act 35 of 1971), the Occupational Diseases in Mines and Works Act, 1973 (Act 78 of 1973), or any Act administered by the Minister;

(f) any profits derived by an owner or usufructuary from carrying on agricultural operations, which profits shall hereby be deemed to be the amount of R144 per annum;

(g) one quarter of the gross rent received from three or more persons in respect of a property rented by the applicant or his spouse;

(h) one quarter of the gross boarding fees received from three or more boarders;

(i) enige inkomste uit 'n ander bron verkry maar nie ook losiesgeld van kinders, huurgelde uit die verhuring van vaste eiendom waarvan die aansoeker of sy gade die eienaar is, rente of dividende nie;

"ander middele"—

(a) die beraamde jaarlikse opbrengs van die bates van 'n aansoeker, soos bepaal deur die bedrag waarmee die onbeswaarde waarde van sodanige bates die bedrag van R10 000 te bowe gaan, deur 400 te deel en die resultaat met 24 te vermenigvuldig;

(b) die beraamde jaarlikse opbrengs van enige onroerende eiendom deur 'n aansoeker of sy gade vir landboudoeleindes gehuur, soos bepaal deur die bedrag waarmee die waarde van sodanige eiendom die bedrag van R10 000 te bowe gaan, deur 400 te deel en die resultaat met 24 te vermenigvuldig.

3. Die bepalings van subregulasie 14 (1) (a) en 14 (1) (b) van die Bylae word geag op 1 Oktober 1984 in werking te getree het.

DEPARTEMENT VAN GESONDHEIDSDIENSTE EN WELSYN

No. R. 623 **4 April 1986**

REGULASIES KRAGTENS DIE KINDERWET.—WYSIGING

Die Minister van Gesondheidsdienste en Welsyn het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 92 (1) (k) van die Kinderwet, 1960 (Wet 33 van 1960), die regulasies in die Bylae hiervan uiteengesit, uitgevaardig.

BYLAE

1. In hierdie Bylae beteken "die Regulasies" die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 2433 van 10 Desember 1976, soos gewysig.

2. Regulasie 72 van die Regulasies word hierby gewysig—

(a) deur in subregulasie (3) (a) die uitdrukking "R1 824" deur die uitdrukking "R1 992" te vervang;

(b) deur in subregulasie (3) (b) die uitdrukking "R2 832" deur die uitdrukking "R3 000" te vervang;

(c) deur subregulasie (5) (a) (i) deur die volgende te vervang—

"(i) 'n bedrag van hoogstens R2 448 per jaar per gesin of 'n bedrag van hoogstens R612 per jaar per kind, welke bedrag ook al die kleinste is, ten opsigte van alle kinders gebore binne die eg;"

(d) deur in subregulasie (5) (a) (ii) die uitdrukking "R480" deur die uitdrukking "R612" te vervang;

(e) deur in subregulasie (5) (c) die uitdrukking "R576" deur die uitdrukking "R708" te vervang;

(f) deur subregulasies (7) (a) en (b) deur die volgende te vervang:

"(7) Aan iedere weduwee, wewenaar, ongetroude, geskeide of verlate persoon wat 'n toelae ingevolge subregulasie 58 (1) (b) ontvang, kan 'n bykomende toelae van R180 per jaar betaal word.";

(i) any income derived from any other source, but shall not include boarding fees received from children, rent received from fixed property of which the applicant or his spouse is the owner, interest or dividends;

"other means" shall mean—

(a) the estimated annual yield of the assets of an applicant, as determined by dividing by 400 the amount by which the unencumbered value of such assets exceeds the amount of R10 000 and by multiplying the result by 24;

(b) the estimated annual yield of any immovable property rented by an applicant or his spouse for agricultural purposes, as determined by dividing by 400 the amount by which the value of such property exceeds the amount of R10 000 and by multiplying the result by 24.

3. The provisions of subregulation 14 (1) (a) and 14 (1) (b) of the Schedule shall be deemed to have come into operation on 1 October 1984.

DEPARTMENT OF HEALTH SERVICES AND WELFARE

No. R. 623 **4 April 1986**

REGULATIONS IN TERMS OF THE CHILDREN'S ACT.—AMENDMENT

The Minister of Health Services and Welfare, under and by virtue of the powers vested in him by section 92 (1) (k) of the Children's Act, 1960 (Act 33 of 1960), has made the regulations set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

1. In this Schedule "the Regulations" shall mean the regulations published under Government Notice R. 2433 of 10 December 1976, as amended.

2. Regulation 72 of the Regulations is hereby amended—

(a) by the substitution, in subregulation (3) (a), for the expression "R1 824" of the expression "R1 992";

(b) by the substitution, in subregulation (3) (b), for the expression "R2 832" of the expression "R3 000";

(c) by the substitution for subregulation (5) (a) (i) of the following subregulation:

"(i) an amount of not more than R2 448 per annum per family or an amount of not more than R612 per annum per child, whichever amount is the lesser, in respect of all children born in wedlock;"

(d) by the substitution, in subregulation (5) (a) (ii), for the expression "R480" of the expression "R612";

(e) by the substitution, in subregulation (5) (c), for the expression "R576" of the expression "R708";

(f) by the substitution for subregulations (7) (a) and (b) of the following subregulation:

"(7) An additional grant of R180 per annum may be paid to any widow, widower, or unmarried, divorced or deserted person who is in receipt of a grant in terms of subregulation 58 (1) (b).";

(g) deur subregulasie (10) deur die volgende te vervang:

"(10) (i) By die bepaling van die gesin se ander middele word enige bates wat 'n lid van die gesin aan iemand anders geskenk het, of enige bates waarvan 'n lid van die gesin vruggebruik gehou het waarvan afstand gedoen is, in aanmerking geneem.

(ii) Ondanks die bepalings van subregulasie (i) word die onbeswaarde waarde van sodanige bates, maar hoogstens die laaste bedrag genoem in subregulasie 72 (3) (c), nie in aanmerking geneem nie indien 'n tydperk van vyf jaar verstryk het na die datum van skenking of van afstanddoening waar die datum 'n datum is vanaf die inwerkingtreding van hierdie Bylae.";

(h) deur die voorbehoudsbepaling in subregulasie (11) (a) (ii) te skrap;

(j) deur subregulasie (11) (b) (iii) deur die volgende te vervang:

"(iii) (a) enige inkomste verkry uit 'n trust; en

(b) enige inkomste verkry uit vruggebruik waar sodanige vruggebruik 'n lid van die familie toeval vanaf die datum van inwerkingtreding van hierdie Bylae.".

3. Regulasie 76 van die Regulasies word hierby gewysig—

(a) deur in subregulasie (1) (a) die uitdrukking "R1 440" deur die uitdrukking "R1 836" en die uitdrukking R480" deur die uitdrukking "R612" te vervang;

(b) deur in subregulasie (1) (b) die uitdrukking "R576" deur die uitdrukking "R708" te vervang;

(c) deur subregulasie (1) (d) te skrap.

4. Die bepalings van hierdie Bylae word geag op 1 Oktober 1984 in werking te getree het, uitgesonderd die bepalings van paragraaf 2 (g), (h) en (j), wat met ingang van die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in werking tree.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. R. 616 **4 April 1986**

DEVIESEBEHEERREGULASIES.—AANSTELLING VAN GEMAGTIGDE HANDELAAR

Paragraaf 3 (a) van Goewermentskennisgewing R. 1112 van 1 Desember 1961 soos gewysig word verder gewysig deur die toevoeging met ingang van 4 April 1986 van The African Bank Limited by die lys van gemagtigde handelaars vir die doeleindes van die Deviesebeheerregulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 1111 van 1 Desember 1961.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING

No. R. 605 **4 April 1986**

WET OP AGENTSKAPSVERKOPING VAN LANDBOUPRODUKTE, 1975

(WET 12 VAN 1975)

REGULASIES.—WYSIGING

Die Adjunk-minister van Landbou-ekonomie, handelende namens die Minister van Landbou-ekonomie kragtens artikel 63 van die Wet op Agentskapsverkoping van Landbouprodukte, 1975 (Wet 12 van 1975), het die regulasies in die Bylae uitgevaardig.

(g) by the substitution for subregulation (10) of the following subregulations:

"(10) (i) In determining a family's other means, account shall be taken of any assets donated by a member of such family to any other person and of any assets of which a member of such family held usufruct which has been relinquished.

(ii) Notwithstanding the provisions of subregulation (i) the unencumbered value of such assets, but not exceeding the last-mentioned amount in regulation 72 (3) (c), shall not be taken into account after the expiry of a period of five years from the date of donation or the date of relinquishment, where such a date is a date from the date of coming into operation of this Schedule.";

(h) by the deletion of the proviso in subregulation (11) (a) (ii);

(j) by the substitution for subregulation (11) (b) (iii) of the following subregulation:

"(iii) (a) any income received from a trust; and

(b) any income received from a usufruct where a member of the family became entitled thereto from the date of coming into operation of this Schedule.".

3. Regulation 76 of the Regulations is hereby amended—

(a) by the substitution, in regulation (1) (a), for the expression "R1 440" of the expression "R1 836", and for the expression "R480" of the expression "R612";

(b) by the substitution, in regulation (1) (b), for the expression "R576" of the expression "R708";

(c) by the deletion of subregulation (1) (d).

4. The provisions of this Schedule shall be deemed to have come into operation on 1 October 1984, except the provisions of paragraph 2 (g), (h) and (j), which shall come into operation with effect from the date of publication of this Schedule.

DEPARTMENT OF FINANCE

No. R. 616 **4 April 1986**

EXCHANGE CONTROL REGULATIONS.—APPOINTMENT OF AUTHORISED DEALER

Paragraph 3 (a) of Government Notice R. 1112 of 1 December 1961 as amended is hereby further amended by the addition with effect from 4 April 1986 of The African Bank Limited to the list of authorised dealers for the purpose of the Exchange Control Regulations published under Government Notice R. 1111 of 1 December 1961.

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

No. R. 605 **4 April 1986**

AGRICULTURAL PRODUCE AGENCY SALES ACT, 1975

(ACT 12 OF 1975)

REGULATIONS.—AMENDMENT

The Deputy Minister of Agricultural Economics, acting on behalf of the Minister of Agricultural Economics under section 63 of the Agricultural Produce Agency Sales Act, 1975 (Act 12 of 1975), has made the regulations in the Schedule.

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie Bylae beteken "die Regulasies" die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 426 van 19 Maart 1976, soos gewysig by die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewings R. 20 van 14 Januarie 1977, R. 2140 van 21 Oktober 1977, R. 328 van 24 Februarie 1978, R. 756 van 14 April 1978, R. 2004 van 6 Oktober 1978, R. 2343 van 24 November 1978, R. 950 van 14 Mei 1982 en R. 418 van 7 Maart 1986.

Wysiging van regulasie 4

2. Regulasie 4 van die Regulasies word hierby gewysig—

(a) deur in subregulasie (1) die uitdrukking "R2" deur die uitdrukking "R4" te vervang; en

(b) deur in subregulasie (2) die uitdrukking "R1" deur die uitdrukking "R2" te vervang.

SCHEDULE

Definitions

1. In this Schedule "the Regulations" means the regulations published by Government Notice R. 426 of 19 March 1976, as amended by the regulations published by Government Notices R. 20 of 14 January 1977, R. 2140 of 21 October 1977, R. 328 of 24 February 1978, R. 756 of 14 April 1978, R. 2004 of 6 October 1978, R. 2343 of 24 November 1978, R. 950 of 14 May 1982 and R. 418 of 7 March 1986.

Amendment of regulation 4

2. Regulation 4 of the Regulations is hereby amended—

(a) by the substitution in subregulation (1) for the expression "R2" of the expression "R4"; and

(b) by the substitution in subregulation (2) for the expression "R1" of the expression "R2".

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG

No. R. 609 **4 April 1986**

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

BOUNYWERHEID, PIETERMARITZBURG EN NOORDELIKE GEBIEDE.—WYSIGING VAN HOOFOOREENKOMS

Ek, Pieter Thenuis Christiaan du Plessis, Minister van Mannekrag, verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en betrekking het op die Onderneming, Nywerheid, Bedryf of Beroep in die opskrif by hierdie kennisgewing vermeld, met ingang van 1 April 1986 en vir die tydperk wat op 26 Oktober 1986 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en die vakvereenigings wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasie of verenigings is; en

(b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousule 1 (1) (a) met ingang van 1 April 1986 en vir die tydperk wat op 26 Oktober 1986 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing wat betrokke is by of in diens is in genoemde Onderneming, Nywerheid, Bedryf of Beroep in die gebiede in klousule 1 van die Wysigingsooreenkoms gespesifiseer.

P. T. C. DU PLESSIS,

Minister van Mannekrag.

BYLAE

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE BOUNYWERHEID, PIETERMARITZBURG EN NOORDELIKE GEBIEDE

OOREENKOMS

VIR DIE MIDDELLANDSE EN NOORDELIKE GEBIEDE

ooreenkomstig die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen die

Natal Master Builders' and Allied Industries Association

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasie" genoem), aan die een kant, en die

Amalgamated Society of Woodworkers

Amalgamated Union of Building Trade Workers of South Africa

Blanke Bouwerkersvakbond

(hierna die "werknemers" of die "vakverenigings" genoem), aan die ander kant,

DEPARTMENT OF MANPOWER

No. R. 609 **4 April 1986**

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

BUILDING INDUSTRY, PIETERMARITZBURG AND NORTHERN AREAS.—AMENDMENT OF MAIN AGREEMENT

I, Pieter Thenuis Christiaan du Plessis, Minister of Manpower, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Labour Relations Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Undertaking, Industry, Trade or Occupation referred to in the heading to this notice, shall be binding, with effect from 1 April 1986 and for the period ending 26 October 1986, upon the employers' organisation and the trade unions which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or unions; and

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clause 1 (1) (a) shall be binding, with effect from 1 April 1986 and for the period ending 26 October 1986, upon all employers and employees, other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Undertaking, Industry, Trade or Occupation in the areas specified in clause 1 of the Amending Agreement.

P. T. C. DU PLESSIS,

Minister of Manpower.

SCHEDULE

PIETERMARITZBURG AND NORTHERN AREAS INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE BUILDING INDUSTRY

AGREEMENT

FOR THE MIDLANDS AND NORTHERN AREAS

in accordance with the provisions of the Labour Relations Act, 1956, made and entered into by and between the

Natal Master Builders' and Allied Industries Association

(hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisation"), of the one part, and the

Amalgamated Society of Woodworkers

Amalgamated Union of Building Trade Workers of South Africa

White Building Workers' Union

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade unions"), of the other part,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Bounywerheid, Pietermaritzburg en Noordelike Gebiede,

om die Hoofooreenkoms, gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 138 van 11 Februarie 1983, soos gewysig en verleng by Goewermentskennisgewings R. 2395 van 28 Oktober 1983, R. 989 van 18 Mei 1984, R. 2242 van 19 Oktober 1984, R. 2352 van 26 Oktober 1984, R. 1040 en R. 1041 van 10 Mei 1985 en R. 2378 van 25 Oktober 1985, te wysig.

1. TOEPASSINGSBESTEK

